e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

28 Oktober 2010
Jaargang 3 – Uitgawe 37

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Advertensies
- Agterblad

Teken in op *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by **www.hervormer.co.za** en kliek op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by **produksie@nhk.co.za**

Stuur kommentaar oor die inhoud aan **gespreksforum@nhk.co.za**

VOORBLAD

Fokus op God se krag

Dr Daan van Wyk (jr), voorsitter van die 69ste Algemene Kerkvergadering (AKV), skryf in die voorbladberig van 14 Oktober: *Die besluit het my persoonlik ook verras en in 'n sekere sin geskok.* Ek het by die AKV sitting geneem met adviserende stem, derhalwe het ek die hele debat gevolg. Gelukkig of ongelukkig kon ek nie deel wees van die stemmery nie.

Vandag kan ek ook soos dr Daan sê die besluit het my verras. Hoeveel ander van ons was nie geskok nie? Behalwe dié wat hul teenstem aangeteken het, glo ek daar was baie ander. Ek wil byvoeg, aan beide kante van die spektrum was afgevaardigdes verras.

Waarom was ons *geskok en verras*? Het dit dalk te doen met God se vertoon van sy krag? Juis om ons wakker te skud uit ons kokon van selfregverdiging. God se krag word geopenbaar met hierdie skok. Die krag van God soos ek my geloof verstaan, is juis daarop gebaseer dat wanneer jy rustig en selfverseker agteroor sit, ruk Hy jou terug. Al beteken dit dat sy kinders in ballingskap weggevoer word sodat sy krag bekend moet word onder alle volke en nasies.

Deur God se krag is die vorige bestel in plek geplaas. Die huidige bestel is ook deur God se krag daargestel. Hy is heerser oor mense, volke en nasies. In beide gevalle is daar lesse te leer vir ons as gelowiges. In beide bestelle was en is daar voor- en nadele, is en was daar sake en geleenthede wat ons as God se kinders aanspreek.

Ja, professore, doktore, predikante en lidmate sal my siening uitmekaar kan trek. As gewone diaken wat my hele lewe lank alles wat ek doen in vaste vertroue op God doen, berus ek in die krag en voorsienigheid van God drie-enig.

Ons is besig om mekaar soos wilde diere te verskeur en God oneer aan te doen. Daagliks word die nood in eie geledere meer en meer. Fisiese nood, psigiese nood en geestelike nood dwing ons om verby die interpretasies van akademici te kyk en as gewone kinders van God, uit die hart, sy liefde sigbaar te maak.

Ek wil graag aansluit by dr Daan: Nou is die tyd dat ons rustig moet word. Laat ons die besluit bestudeer en die verskillende implikasies oorweeg. Uiteindelik moet ons almal vra na die wil van God en voor sy krag die knie buig.

Andries Pretorius
Voorsitter: Algemene Diakensvergadering (ADV)

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhk.co.za**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhk.co.za** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Ds Johann Mouton

Beroep ontvang

- **Ds Johann Mouton** van Ventersdorp na die Stella-kombinasie

Vakante standplaas

- **Gemeente Windhoek** beskik oor 'n vakante **volsorgstandplaas**. Windhoek is 'n stadsgemeente, alhoewel die karakter eerder dié van 'n groot plattelandse dorp is. Die gemeente is saamgestel uit 554 siele, waarvan 503 in Windhoek en 51 in Okahandja woon. Okahandja is 70 km noord van Windhoek. Die ouderdomsverspreiding is: 39% jonger as 30 jaar; 31% 30 tot 50 jaar; 19% 50 tot 65 jaar; 11% ouer as 65.

  Daar is elke Sondag 'n oggenddiens in Windhoek en ± 3 uit elke 4 Sondae per maand 'n erediens in Okahandja, vakansies uitgesluit. Met die meeste lidmate jonger as 30 jaar, wil die gemeente fokus op die bediening van kinders en jongmense. Omdat Windhoek die hoofstad is, werk heelwat jongmense van die platteland daar, wat besondere bedieningsvaardighede vereis om hulle en ander naskoolse jeug nie te *verloor* nie.

  Aansoeke moet die gemeente **voor 19 November 2010** bereik. Predikante en proponente kan 'n CV aan die skriba per e-pos te stuur by **nedherv@mweb.com.na**. Die kerkraad beplan om vroeg in November 'n meer volledige gemeenteprofiel aan die belangstellende kandidate beskikbaar te stel, waarna hulle versoek sal word om hul aansoek verder te ondersteun deur aan te dui in watter mate hulle persoonlikheid en vaardighede inpas by die gemeente se profiel en behoeftes. Die Kerkraad behou die reg om 'n predikant te beroep wat nie aansoek gedoen het nie.

  Die gemeente besit 'n pastorie, maar alternatiewe behuising sal oorweeg word. Windhoek beskik oor 'n wye keuse van goeie skole met Afrikaans óf Engels óf beide as voertaal. Die beroepe predikant sal moet aansoek doen om 'n werkspermit en dit sou 'n aanbeveling wees (maar is nie 'n voorvereiste nie) as so 'n persoon Namibiese burgerskap deur afkoms of huwelik kan bekom. Enige verdere navrae kan aan bogenoemde e-posadres gerig word.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Ds Kálmán Papp

Ds Jan de Wet

- **Ds Kálmán Papp,** wat sedert 2008 as sekretaris in kerkverband by die Bybelgenootskap betrokke is, is deur die Raad vir Direkteure benoem as streeksekretaris van die Noordwes-streek met ingang van 1 November 2010. Die Kerk wens hom van harte geluk met die mooi prestasie en bid hom sterkte toe met sy nuwe taak en verantwoordelikhede. **Ds Jan de Wet** tree volgende jaar af na baie jare diens by die Bybelgenootskap.

- **Ds Gerhard Kruger,** wat die beroep na Gemeente Zwartruggens aanvaar het, word op Sondag 12 Desember in sy nuwe gemeente ontvang en bevestig. Meer besonderhede sal later beskikbaar wees.

- **Ds Roelf Coertze**, een van Gemeente Montana se predikante, tree op Sondag 31

Oktober af. Prof Theuns Dreyer oorhandig by die geleentheid die emeritaatakte, en ’n jare lange vriend, ds Dries Beukes, visevoorsitter van die Kommissie van die AKV, sal namens sy vriendekring gelukwense oordra. Ds Coertze gaan hom na sy aftrede steeds besig hou met sy beradingspraktyk. Hy lewer kosbare werk by die bejaardesorginrigtings.

Dr Johan Steenkamp Dr Piet van Staden

- **Dr Johan Steenkamp** van Gemeente Montana-Oos het reeds aansoek gedoen om aanvaarding van emeritaat vroeg in 2011. Hy is een van die 13 predikante wat gedurende 2011 aftree. Prof Theuns Dreyer is die laaste een wat aftree in 2011.

- **Dr Piet van Staden,** deeltydse predikant van Philadelphia, is die laaste predikant wat vanjaar aftree. Die Kommissie van die AKV behandel sy aansoek by hul vergadering van 11 en 12 November.

- **Die volgende predikante verjaar in die komende week,** en word hartlik geluk gewens.

o Vrydag 29 Oktober:	Ds Freek van der Merwe (emeritus)
o Saterdag 30 Oktober:	Di Anet Dreyer-Krüger (Rustenburg-Suid), Wilhelm Steyn (emeritus) en Werner Venter (Schoemansdal)
o Maandag 1 November:	Ds Roelf Coertze (Montana)
o Dinsdag 2 November:	Ds Naas Lombard (Suidoos-Witbank)
o Woensdag 3 November:	Di Petrus Harmzen (Gerdau/Hartbeesfontein) en Hennie Retief (beroepafwagtend)
o Donderdag 4 November:	Di Hennie Botha (emeritus), Gerhard Kruger (Pretoria-Wes) en Gerhard Viviers (Laeveld)

- **Beroepafwagtende predikante** se aansoeke om **behoud van ampsvoorreg** moet **voor 1 November** ingedien word. Die Kerkorde bepaal dat die ampsvoorreg outomaties verbeur word indien geen aansoek ontvang word nie.

- **Prop Hendrik Breytenbach**, wat met sy doktorale studie in Duitsland besig is, is nou redelik permanent terug in Suid-Afrika terwyl hy aan sy proefskrif werk. Hy is beskikbaar vir **preekbeurte**. Sy selfoonnommer is 082 449 7148 en sy huistelefoonnommer 012 993 3405. Hendrik werk bedags in die Merensky-biblioteek en het nie ontvangs daar nie. Stuur ’n SMS, en hy sal terugskakel. Hy is saans op sy selfoon beskikbaar.

- Die **wysiging van Ordinansie 2.1.9 (oor emeritaat)** is soos volg goedgekeur by die AKV:

  - Emeritaat word verleen aan die einde van die maand waarin die predikant die ouderdom van 65 jaar bereik.
  - Emeritaat kan op versoek van ’n predikant verleen word na bereiking van die ouderdom van 55 jaar.
  - Die Kommissie van die AKV reik die akte van emeritaat uit na oorleg met die betrokke kerkraad of opsighoudende liggaam.
  - Emeritaatvoorreg kan na ontheffing uit die amp nie weer herstel word nie, behalwe in gevalle waar die aftree-ouderdom nog nie bereik is nie.
  - ’n Predikant wat emeriteer, word nie weer beroepbaar gestel nie.

  Predikante doen dus nie meer aansoek om emeritaat nie. Die kerkraad (opsighoudende liggaam van die predikant) bring dit onder die aandag van die Kommissie van die AKV dat die predikant aftree-ouderdom bereik het en pleeg oorleg oor die uitreiking van die akte van emeritaat. Die akte word deur ’n Kommissielid oorhandig. Die verantwoordelikheid lê nou by die kerkraad of opsighoudende liggaam. Die Kommissie sal die laaste twee aansoeke ter tafel so hanteer, maar ook met die kerkrade in dié verband skakel.

Predikante moet ook daarop let dat hulle nie meer voortydig kan emeriteer en dan na ’n ruk weer aansoek doen om beroepbaar gestel te word nie. So ’n predikant mag egter wel as emeritus in gemeentes van die Kerk werk.

- Gemeentes wat van die **dienste van emeriti** gebruik wil maak, word vir ’n laaste keer daaraan herinner dat die aansoek **voor 1 November** ingedien moet wees om opgeneem te kan word in die agenda van die Kommissie se vergadering van 11 en 12 November.

- **Die vyfde notule van die 69ste AKV** is per e-pos na gemeentes en predikante gestuur. Dit is ook op die Kerk se webblad beskikbaar. Gemeentes/predikante wat ’n harde kopie wil ontvang, kan met mev Karen Breedt by 012 322 8885 x257 skakel. Afgevaardigdes moet asseblief dié gedeelte van die notule by die skriba van die gemeente afhaal en nagaan. Foute moet skriftelik aan mev Breedt gestuur word by **karen@nhk.co.za**.

- Die nuutste prosedures wat deur huweliksbevestigers gevolg moet word, is op die Kerk se webblad **www.nhk.co.za** beskikbaar. Gaan na NUUS EN GEBEURE, en dan na KORTNUUS.

- **Gemeente Springs-Oos** beskik oor ’n **vakature vir ’n tweede orrelis**. Die pos is onmiddellik beskikbaar. ’n Volledige pligstaat en besonderhede oor die vergoeding sal tydens die onderhoud met kandidate bespreek word. Vergoeding is volgens skaal. Gekwalifiseerde orreliste kan hul CV en ’n gewaarmerkte afskrif van hul kwalifikasie as orrelis per e-pos aan die skriba, oudl Retha Laubscher, by **rethalaubscher@gmail.com** stuur.

Ds Martin Slabbert

- **Toer na Egipte en Turkye**: In die voetspore van die eerste Christene... **20 April tot 4 Mei 2011**. Kom beleef saam met **ds Martin Slabbert** waar baie van ons geloofswortels vandaan kom. Hierdie toer beloof om ’n geestelik verdiepende ervaring te wees, en is ongelooflike goeie waarde vir geld. Besoek die webwerf **www.indievoetspore.co.za**, of kontak ds Slabbert by 082 655 4787.

- **Gemeente Philadelphia** het **vakante studentebehuising** op hul kerkterrein. Dit is sowat 100 m vanaf UP se Lunnonweg-ingang. Dit is ’n kommune van 10 inwoners wat ’n kombuis en twee badkamers deel. Die groot kamers se huur beloop R2 450 per maand en die kleiner kamers se huur beloop R1 950 per maand. Hulle verkies huurders wat studeer aan UP en wat by die gemeente sal inskakel as lidmate. Die behuising is baie goed en goedkoop in vergelyking met soortgelyke behuising wat so naby aan die universiteit is. Die gemeente wil graag die kamers voor einde November vul. Belangstellendes kan met Esme Bolton praat by 012 362 7237 op weeksdae tussen 08:30 en 13:30, of met Rue Hopley by 083 669 3060 (enige tyd).

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Belfast: 29-31 Oktober**
  Viering van 75-jarige bestaan. tema *Van toeka tot nou*
  Gedenkblad/CD/DVD word uitgegee en ’n hoeksteen onthul
  Vrydagaand Nianell, Saterdag fees, Sondag Nagmaal met manelpakke, strikdasse en kappies
  Kontak **faniehoff@telkomsa.net** of **martinras@telkomsa.net**

Basaars en markte

- **Vrydag 29 Oktober: Gemeente Piet Retief Kunsmark**
  14:00 tot 20:00
  Uitstalruimte beskikbaar
  Bespreek by Hybrecht Dupper, 083 291 8381 of **dupperb@lantic.net**

- **Nog tot Saterdag 30 Oktober: Gemeente Trichardtsfontein Kersmark**
  Saal Trichardtsfontein 09:00 tot 19:00
  Toegang gratis

- **Saterdag 30 Oktober: Gemeente Strand Straatmark**
  Voor Checkers in Somerset-Wes
  Gebraaide snoek, pannekoek, groot en klein koekies, handgemaakte artikels
  Die Hervormers in die Kaap gaan weer kook – wees daar!

- **Saterdag 30 Oktober: Gemeente Zwartruggens Oesfees**
  Christenfees met 'n boodskap! (Kyk ook hul advertensie op bladsy 7)
  Kontak Chris Steinmann (Feesvoorsitter) by 079 715 4141

- **Saterdag 30 Oktober: Dora Theo-gemeente in Kimberley Plaaswerfbasaar**
  Langs Game op die Kaapse pad
  Kontak ds Hennie Pretorius by 082 374 2398

- **Saterdag 30 Oktober: Gemeente Johannesburg-Wes Boerebasaar**
  Vanaf 08:00 in Tenbystraat, Westdene
  Wen 'n week by Klein Kariba of Buffelspoort
  Huur 'n tafel vir R150 en verkoop jou eie produk – wins is joune
  Navrae aan Rentia by 083 271 1563

- **Saterdag 30 Oktober vanaf 09:00: Gemeente Rooihuiskraal Kersmark**
  Hv Santie- en Konstantynstraat, The Reeds
  Uitstallers welkom teen R100 per tafel
  Kontak Marlize Albertyn by 083 312 7610 om te bespreek

- **Saterdag 30 Oktober: Gemeente Piet Potgieter (Potgietersrus) Kersmark**
  Maandeliks ook superwors te koop
  Koop geskenke en kuier in die Bosveld
  Skakel 015 491 6310 of 082 821 6873

- **Saterdag 30 Oktober: Gemeente Wonderboompoort Wonder-Kersmark**
  09:00 tot 15:00, hv Mansfieldlaan en Eloffstraat, Eloffsdal
  Uitstallers R50, wins is joune
  Bespreek by 082 733 3951 of **cjdb@vodamail.co.za**

- **Vrydag 5 en Saterdag 6 November: Gemeente Waterberg (Nylstroom) Kersmark**
  Vanaf 07:00 by die gemeentesentrum
  Kontak Ina Lategan by 014 717 3355 of **hervormwaterb@telkomsa.net**

- **Saterdag 6 November: NHSV Warmbad Kersmark**
  07:00 tot 12:00, kerksaal in Ludorfstraat, Warmbad
  Stalletjies R30
  Kontak Suzi van Dyk by 083 310 4943 of **thysan@telkomsa.net**

- **Woensdag 1 tot Saterdag 4 Desember: Gemeente Bergsig Kersmark**
  Huur 'n stalletjie teen R50 plus 10% van die verkope per stalletjie
  Skryf in vir die potjiekoskompetisie teen R20 elk
  Kontak Marie by 082 402 4170

- **Saterdag 4 Desember: Doulos Gemeenskapsprojek**
  Kersfunksie by Silwer Valke Rugbyklub
  Hv Pretoria- en Roestoffstraat, Silverton
  Hulp benodig vir maak van potjiekos vir 2 000 mense
  Borge ook welkom

Kontak Hans Janse van Rensburg by 083 269 7082
of Heleen Huyser by 082 443 8874 of **Heleen.Huyser@postoffice.co.za**

- **Donderdag 16 tot Sondag 19 Desember: Gemeente Wesmoot Kersmark**
  Makro Wonderboom se parkeerterrein
  Staanplekke is 3 x 4 m, koste per dag R150, R500 vir vier dae
  Kontak ds Fanie Beukes by 073 167 1183

- **Saterdag 29 Januarie 2011: Gemeente Nelspruit Maroelafees**
  Vanaf 08:00 by Nelspruit Rugbyklub
  Toegang (sluit glas maroelasap in) R20 per volwassene/hoërskoolkind
  R10 per laerskoolkind, gratis vir voorskoolse kleuters
  Kontak gemeentelike kerkkantoor by 013 741 1455

ANDER NUUS

- Die **Raad van Finansies** vergader eers na afloop van die Kommissie van die AKV se vergadering van 11 en 12 November. Die Kommissie moet twee lede benoem wat in die Raad sitting neem. Die Raad word deur die Administrateur saamgeroep en sal by sy eerste byeenkoms konstitueer.

- Die Kommissie van die AKV benoem by sy vergadering van 11 en 12 November die **rade van die Kerk** vir die volgende werkstermyn. Besonderhede oor die rade sal daarna bekendgemaak word.

- **Pierre Jacobs**, 'n Meesterstudent, is besig met studies oor die Koptiese Kerk. Vir die volgende 20 maande gaan hy onderrig gee in **Noordelike Etiopië**, in die dorp Mekelle. Pierre sal sy navorsing oor die Koptiese Kerk in Etiopië afhandel. Sy status is dié van 'n volle sendeling en hy sal geen inkomste of finansiële ondersteuning hê nie. Hy vertrek op 1 November. Enigeen wat hom finansieel of andersins wil ondersteun, kan hom kontak by **pierre.jacobs6@gmail.com**.

- In die Oktober 2010-uitgawe van *Konteks* het die argivaris, Nándor Sarkady, 'n resensie geskryf oor **Jan Hoevers** se DVD ***Van kerke en dorpe***. Nou is die hersiene weergawe van mnr Hoevers se boek oor dieselfde onderwerp ook beskikbaar. Bestel die DVD teen R79 (posgeld ingesluit) of die boek (DVD ingesluit) teen R215 + R20 posgeld van mnr Hoevers by Posbus 976, Klein-Brakrivier 6503. Kontak hom by 044 696 6537 of 076 877 7185.

- Ondersteun **Beeld-Kinderfonds**
  Wen 'n Peugeot 207 Urban 1.4 5-deur ter waarde van R159 355
  Kompetisie sluit op 7 November
  SMS **PEUGEOT** na **32541** teen R25 per SMS
  Of koop kaartjies deur die geld in te betaal
  Beeld-Kinderfonds, ABSA, rekening nommer 405 065 4867, verwysing jou naam en van
  Stuur bewys van betaling saam met jou naam, van, posadres en kontaknommers na **info@beeldkinderfonds.co.za** of faks dit na 086 623 4155

- **Transoranje Skool vir Dowes: 26 November tot 5 Desember Kersmark**
  By Pretoria-skougronde, Saal L, ingang Kerkstraat

- Die **volgende vergaderings** vind in die komende week plaas. Betrokkenes moet hulself asseblief vergewis van die korrekte vergadertye en lokale.

  - Woensdag 3 November: Direksie van die Kinderhuise
  - Donderdag 4 November: Redaksie van *Die Hervormer*

ADVERTENSIES

GEMEENTE ZWARTRUGGENS OESFEES
Saterdag 30 Oktober van 09:00 af
Gaskunstenaar Elzabi Buek
Mnr en Mej Oesfees in 3 ouderdomsgroepe
Kontak Retha by 083 645 5955 om in te skryf
Kuier by die kospotte, deel in die pret
Kontak Nantes by 083 263 2469, Chris by 079 715 4141 of Christa by 014 544 0151

EDDIE DAVEY FEESKONSERTE
Orrel, clavinova, trekklavier
Bespreek dié bekende musikant vir feeskonserte, Kersfeesdienste, troues, jaareindfunksies en fondsinsamelings
Lig-klassieke tot strelende, romantiese agtergrondmusiek
MUSICA FESTIVA (musikante vir alle geleenthede)
Kontak Eddie Davey (083 442 5933) of Ronel Davey (082 781 2582)
eddie@mountfestivalodge.co.za
www.MusicaFestiva.co.za en **www.mountfestivalodge.co.za** (Pretoria)

VEILIGE, NETJIESE STUDENTEVERBLYF NABY STELLENBOSCH
Die Pastorie is 18 km van die Universiteit van Stellenbosch
Geleë in die stil omgewing van Heldervue
Verskeie eenmens-woonstelle met eie badkamer en kombuis
Pragtige see- en berguitsig
Braaiarea en veilige parkering
Ons dra graag jou kind se belange op die hart
Vakansieverblyf vir Desember ook beskikbaar
Skakel ds Jan Claassen by 084 400 5137 of 021 855 4847

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente uitgebreide inligting oor 'n projek wil bekendstel, kan in die ***e-Hervormer*** geplaas word, teen **R114 per plasing**. Die teks moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**, of per faks na 086 633 4059 of 012 322 7906. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan: Raad van Finansies; ABSA; tjekrekening nommer 020 000 287; takkode 632 005; **verwysing:** u naam + **e-Hervormer Ads.** Kontak mev Oppermann vir meer inligting.

AGTERBLAD

Plakkate beskikbaar by SENTIK

Gemeentes kan prag-plakkate in die SENTIK-boekwinkel koop om in hul konsistories en kategeselokale aan te bring, of aan lidmate te verkoop.

Die plakkate kos R40 elk. Die volledige stel van 8 plakkate (7 oor die SP Engelbrecht-museum en 1 oor die liturgiese jaar) kos net R250. Die afmetings van die plakkate is 41,5 cm breed x 59 cm hoog.

In hierdie stadium word die plakkate nie per pos versend nie. Besoek gerus die boekwinkel in Barton Keep by die Sinodale Kerkkantoor.

Daar is ook 'n drukkersvriendelike weergawe (sonder foto's) van hierdie nuusbrief beskikbaar, wat vandeesweek 223 kilogrepe groot is. Vind die drukkersvriendelike weergawe by **www.hervormer.co.za**, of stuur 'n versoek na **karen@nhk.co.za** om dit weekliks te ontvang.

Redakteur: Dr Gerhard Lindeque
Subredakteur: Dr André Ungerer
Kerknuus: Dr Fanie Pretorius
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx